education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEMEENSKAPLIKE TAAK VIR ASSESERING (GTA)
GRAAD 9 2008

SOSIALE WETENSKAP

LEERDERBOEK

AFDELING A

TEMA

Apartheid: King Williams Town

Voorgestelde tyd: 5 uur

150 punte

Aantal bladsye: 10

		LUs & ASe	**Tyd/ min**	**Punte**	**Bl**
Taak 1:	King Williams Town				
Aktiwiteit 1.1	Kaartwerkvaardighede	A: LU 1: AS 1.2, 1.3, 1.4	40 min	20	3
Aktiwiteit 1.2	Kaartwerkvaardighede, sosiale- en omgewingskonflik in SA	A: LU 1: AS 1.1, 1.3, 1.4; LU 2: AS 2.1, 2.3; LU 3: AS 3.1, 3.3, 3.4	70 min	40	4
Taak 2:	Volhoubare gebruik van hulpbronne en die energiekrisis				
Aktiwiteit 2	Vloeidiagram oor energiehulpbronne	A: LU 2: AS 2.2, 2.3	30 min	15	6
Taak 3:	Steve Biko				
Aktiwiteit 3.1	Brongebaseerde taak	G: LU 1: AS 1.1, 1.2, 1.5; LU 3: AS 3.1, 3.2	60 min	45	7
Aktiwiteie 3.2	Kreatiewe respons: debat	G: LU 1: AS 1.3, 1.4, 1.5; LU 3: AS 1.1, 1.2	50 min	15	8
Aktiwiteit 3.3	Kreatiewe respons: betogings T-Hemp	G: LU 1: AS 1.5	50 min	15	9

TAAK 1 LEES, ANALISE EN INTERPRETASIE VAN KAARTE

AKTIWITEIT 1.1 GROEPSAKTIWITEIT (40 minute)
A: LU 1: AS 1.2, 1.3 , 1.4

KAARTWERK

Beantwoord Taak 1 in groepe van drie of vier. Jy moet Bron 2, 3 en 4 saam met jou antwoorde inhandig. Slegs een topografiese kaart *3227CD King Williams Town*, Bron 1, word per groep benodig. Skryf die name van al die lede van die groep op elke bladsy wat ingehandig word.

Hulpbronne benodig: 'n Liniaal, 'n gradeboog en, indien beskikbaar, 'n atlas per groep. Die atlas is egter nie noodsaaklik nie.

1.1.1 Kleur die area wat deur die topografiese kaartvel gedek word op Bron 2 in. (2)

1.1.2 Merk die ligging van King Williams Town met 'n kol op Bron 2 en benoem dit. (1)

1.1.3 Vind die volgende dorpe op Bron 2 en gee hul lengteligging en breedteligging:

Dorp	Breedteligging	Lengteligging
Kaapstad		
Durban		
Port Elizabeth		

(3)

1.1.4 Benoem die aangrensende provinsies aan die Oos-Kaap op Bron 2. (2)

1.1.5 Gebruik die gradeboog wat jy uit die brondokument geknip het en gee die rigting en die peiling van die volgende vanaf King Williams Town:

Plek	Rigting	Peiling
Kaapstad		
Durban		
Port Elizabeth		

(3)

1.1.6 Bespreek in jou groep of die skaal van Bron 2 **kleiner** of **groter** as dié van Bron 1 is. Verstrek ’n rede vir jou groep se antwoord. (2)

1.1.7 Met verwysing na Bron 3: foto’s van verskynsels om King Williams Town. Teken die konvensionele tekens langs die foto’s op Bron 3 in. Verwys na die kaartverwysing in Bron 1. (4)

1.1.8 Bron 4 is ’n dwarsdeursnit vanaf trigometriese baken 112 (**Plek 2;** 32°51'40"S; 27°21'45"O) na die uitgrawing Plek 3, (32°51'15"S; 27°24'00"O).

Benoem die volgende op die dwarsdeursnit op Bron 4:

a) Buffelsrivier
b) Trig baken 103
c) Rye bome (3)

[20]

AKTIWITEIT 1.2 INDIVIDULE AKTIWITEIT (70 minute)
KAARTWERKVAARDIGHEDE, SOSIALE- EN OMGEWINGSKONFLIKTE IN SUID-AFRIKA
A: LU 1: AS 1.1, 1.3, 1.4; LU 2: AS 2.1, 2.3;
LU 3: AS 3.1, 3.3, 3.4

Met verwysing na Bron 1: die topografiese kaartvel 3227CD King Williams Town

Hulpbronne benodig: ’n Liniaal, ’n sakrekenaar en ’n stukkie tou van 30 cm of ’n passer.

1.2 Jy beplan om vanaf King Williams Town na Oos-Londen te ry om ’n selfoon te koop.

1.2.1 Bereken die afstand tussen Oos-Londen en King Williams Town langs die N2. Begin jou berekening by **Plek 4**, in King Williams Town en ry oos met die N2. Jou antwoord moet in km wees. (2)

1.2.2 Hoe lank sal dit jou neem om Oos-Londen te bereik as jy teen 100 km/h vanaf plek 4 ry?
Snelheid =Afstand/ Tyd (3)

Verwys na die foto van die Laingdamwal, Bron 5. Bestudeer Plek 1 op die topografiese kaart.

1.2.3 Gee die hoogte bo seevlak van die damwal in meter. (1)

1.2.4 Gee DRIE redes waarom die Laingdam op die spesifieke plek geleë is. (3)

1.2.5 Lys VIER wyses waarop die Laingdam die ekologie van die Buffelsrivier stroomaf sal beïnvloed. (4)

Let Wel: *Invloei stroomaf in die rivier is die gevolg van die feit dat die rivier, nadat die dam gebou is, nie meer vloei soos voor die dam gebou is nie en dit beïnvloed die ekologie van die rivier stroomaf van die dam.*

Met verwysing na Bron 6 wat 'n foto van 'n vrou in die landelike gebiede buite King Williams Town voorstel.

1.2.6 Teken die onderstaande table oor en vul die redes waarom mans die landelike gebied om King Williams Town verlaat om na die omliggende stede te gaan.

Redes waarom mans weggaan: Stootfaktore	**Redes waarom mans na die stede aangetrek word: Trekfaktore**
• • •	• • •

(6)

1.2.7 Talle mans het die landelike gebied om King Williams Town verlaat. Watter effek, beide sosiaal en ekonomies, het dit op die lewens van die vroue wat agterbly? Die vrou op die foto in Bron 6 is so 'n vrou. (6)

1.2.8 King Williams Town is as 'n tipiese apartheidsdorp geklassifiseer.

a) Watter **twee** verskynsels op die kaart het 'n 'buffersone' tussen die voormalige blanke nedersetting King Williams Town en die voormalige swart nedesetting Zwelitsha gevorm? (2)

b) Teken die onderstaande tabel oor. Jy doen 'n oudit van die fasiliteite wat tot die beskikking van die inwoners van King Williams Town en dié wat tot die inwoners van Zwelitsha is. Tel die fasiliteite en skryf die totale op jou tabel in. (5)

Aantal fasiliteite	**King Williams Town**	**Zwelitsha**
Skole		
Poskantore		
Plekke van aanbidding		
Polisiestasies		
Ontspanningsterreine		

c) Lewer kortliks kommentaar op grond van die uitkoms van jou oudit om die gehalte van lewe van die mense in Zwelitsha met dié van die mense wat in King Williams Town woon te vergelyk. (2)

1.2.9 Jy is 'n spotprenttekenaar. Jou taak is om 'n omgewingskwessie in Zwelitsha te identifiseer en 'n reeks strokiesprent te ontwerp waarmee Graad 9-leerders aangaande die omgewingskwessie onderrig kan word.

- Jou strokiesprentreeks moet nie meer as 4 raampies beslaan nie.

- Gee moontlike oplossings vir die probleem. Hier onder volg 'n voorbeeld:

Punte sal toegeken word vir:

- Oorspronklike karakters wat die omgewingskwessie soos die blaar en die akker in die bostaande voorbeeld uitbeeld.
- Duidelike byskrifte (dit wat in die praatborrel geskryf is)
- Die oordra van die konsep van die bewaring van die omgewing. (6)

[40]

TAAK 2 VOLHOUBARE AANWENDING VAN HULPBRONNE (30 minute)

AKTIWITEIT 2 INDIVIDUELE AKTIWITEIT
A: LU 2: AS 2.2, 2.3

Lees Bron 7: die artikel oor alternatiewe elektrisiteitsbronne, *The Star* 29 Januarie 2008, as agtergrondinligting voordat jy poog om die taak te beantwoord.

Hulpbronne benodig: Die uitgeknipte blokke in Bron 8, gom en 'n vel A3 papier.

'Die realiteit is dat Suid-Afrika se elektrisiteitstekort 'n aantal jaar met ons gaan wees. Wat ons moet doen, is om na alternatiewe vorme van energie, meer doeltreffende gebruik van dit wat ons tans het en die voorsiening van kragbronne vir die toekoms, te soek.'

Vertaal uit: (*The Star*, 29 Januarie 2008)

Jy word gevra om die graad 8 leerders in die skool aangaande alternatiewe bronne vir energie te onderrig. Plak al die blokkies wat jy uit Bron 8 geknip het op 'n A3 bladsy ('n dubble A4 grootte) sodat dit 'n **vloeidiagram** vorm.

Trek pyltjies en lyne om die blokkies op so 'n wyse te verbind dat die verskille tussen **hernubare** en **nie-hernubare** energieverskaffing duidelik uitgebeeld word.

[15]

TAAK 3 APARTHEID EN SWART BEWUSTHEID

AKTIWITEIT 3.1 INDIVIDUELE AKTIWITEIT (60 minute)
G: LU 1: AS 1.1, 1.2, 1.3, 1.5; LU 3: AS 3.1, 3.2

Met verwysing na Bron 9

3.1.1 Wanneer het die Nasionale Party, na aanleiding van die inleiding tot die bron, aan bewind gekom? (1)

3.1.2 Hoekom is apartheidswetgewing ingestel? Wat was die **doel?** (Gebruik jou eie woorde) (4)

3.1.3 Watter een van die wette in Bron 9 het dit onwettig gemaak om met iemand uit ’n ander rassegroep te trou? (2)

Met verwysing na Bron 10

3.1.4 Watter apartheidswet in Bron 9 word deur die teken in Bron 10 verteenwoordig? (2)

3.1.5 Gee ’n addisionele voorbeeld van fasiliteite wat gedurende Apartheid geskei was. (2)

3.1.6 Veronderstel dat jy tydens die era (tyd) van Apartheid gelewe het. Jy is as ‘nie-blanke’ geklassifiseer. Hoe sou jy oor ’n kennisgewing soos die gevoel het? Formuleer in lysvorm 3 woorde wat jou gevoel beskryf. (3)

Met verwysing na Bron 11

3.1.7 Wie was, volgens die bron in die koerant, die ‘verkleurmannetjies’? (4)

3.1.8 Hoeveel ‘gekleurde’ mense is in 1979 as Indiërs geherklassifiseer? (2)

Met verwysing na Bron 12

3.1.9 Ontwerp ‘n tydlyn wat oor Steve Biko se leeftyd strek. Maak seker dat dit in die korrekte chronologiese volgorde is. (10)

Met verwysing na Bronne 13 en 14

3.1.10 Identifiseer twee woorde wat Biko beskryf en motiveer jou antwoord deur na die bronne te verwys. (4)

3.1.11 Formuleer in lysvorm die bronne wat Steve Biko se eie woorde weergee. (3)

3.1.12 Is die bronne wat jy in jou antwoord in vraag 3.1.11 verstrek het, primêr of sekondêr? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2)

Verwys na Bron 18

3.1.13 Wat het die Nasionale Party na die 1976-opstande gedoen om weer beheer oor Suid-Afrika te verkry? (4)

3.1.14 Wat het, volgens die bron, met Steve Biko gebeur? (2)

[45]

AKTIWITEIT 3.2 GROEPSAKTIWITEIT: 'N KLASDEBAT (50 minute)
ONDERWERP: IS DIT DIE MOEITE WERD OM JOU LEWE VIR JOU POLITIEKE IDEALE OP TE OFFER?
G: LU 1: AS 1.1, 1.2, 1.4, 1.5
LU 2: AS 2.2, 2.3
LU 3: AS 3.1, 3.2, 3.3

(Voorbereiding moet by die huis gedoen word: 40 minute)

Alle leerders sal in groepe van drie of vier wees en elke lid sal die geleentheid gebied word om te praat. Jou groep sal aangaande die standpunt wat julle huldig ingelug word. Elke lid van 'n groep moet 'n bepaalde rol in die hantering van jul groep se argument vertolk.

Jou groep moet besluit wie elke rol sal vertolk. Daar sal van die leerders in elke groep wat terugrapporteer verwag word om 1 tot 2 minute te praat.

Julle sal in ooreenstemming met die rubriek, wat vereis dat jy op die volgende kriteria fokus, geassesseer word:

- Hoe goed jy jou bepaalde rol vervul het (geskiedkundige kennis korrek oorgedra)
- Inhoud van jou toespraak: hoe goed jy jou standpunt gestel het en jou gebruik van korrekte feite en historiese voorbeelde.
- Aanbiedingsvaardighede: hoe vinnig of stadig jy gepraat het en of jou stem hoorbaar genoeg was, het jy oogkontak gemaak en het jy gewys dat jy die nodige selfvertroue het; het jy jou notas korrek gebruik (geskiedkundige kennis korrek oorgedra).
- Betrokkenheid by die voorbereiding vir jou groep se debat
- Of jy instaat was om 'n gevolgtrekking te bereik deur bronne te analiseer
- Of jy die vraag beantwoord het
- Of jy 'n onafhanklike denkrigting gebaseer op bronne gehandhaaf het
- Of jou gevolgtrekkings verduidelik word of ondersteun word met redes
- Hoe goed jy jou kennis en begrip, gebaseer op historiese bronne, oorgedra het
- Of jy getoon het dat jy verstaan dat daar verskillende sienings oor historiese gebeurtenisse kan wees.

[15]

AKTIWITEIT 3.3 ONTWERP 'N PROTES T-HEMP (60 minute)
G: LU 1: AS 1.5

Jy is lid van 'n Swart Bewustheidsgroep in die vroeë 1970's.
Ontwerp 'n protes T-hemp wat gedra sal word by 'n betoging teen **een** van die Apartheidswetgewings van Bron 9.

Jy sal volgens 'n ruit op die onderstaande kriteria geassesseer word:

- Die algemene ontwerp van jou T-hemp: die gebruik van tegnieke soos woorde ('n slagspreuk), prente en ander simbole wat jou T-hemp sal laat uitstaan.
- Bewys dat jy die wet verstaan wat jy gekies het
- Hoe jy jouself deur die gebruik van 'n prent uitgedruk het
- Hoe suksesvol jy dit waarmee jy nie in die spesifieke wet saamstem nie, gekommunikeer het/ hoekom jy teen die wet betoog
- Hoe goed jy jou kennis en begrip deur van 'n voorstelling/s gebruik te maak, gekommunikeer het

[15]

Totaal: 150 punte